NOTULE

VIR DIE TWEE EN NEGENTIGSTE VERGADERING VAN DIE

SINODE

VAN DIE

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN KWAZULU-NATAL

GEHOU TE PIETERMARITZBURG

DINSDAG 9 OKTOBER 2007

- 1 -

DIE 92STE SINODEVERGADERING VAN DIE NG KERK IN KZN
OP 9 OKTOBER 2007 VANAF 08:15
BY DIE SINODALE SENTRUM TE PIETERMARITZBURG

Inhoudsopgawe

1. Registrasie 2
2. Verwelkoming 2
3. Konstituering 2
4. Liturgiese Opening: 2
5. Konsultasiegesprek: kerkhereniging 2
6. Ontwikkeling: Sentrum 2
7. Art 44.1 3
8. Sinergeringsvergadering 3
Afskeid: Moderator 4
9. Afsluitingsliturgie 4

VISIE

(In lig van die roeping, asook Verklaring van 2003 Sinode)

Ons sien die NG Kerk in KZN binne vyf jaar as 'n
hegte familie wat mekaar ken en mekaar bystaan om met Woord en daad Christus sigbaar te maak,
wat erns maak met die herenigingsproses,
wat saam met die uitgebreide familie van kerke werk aan een Christelike getuienis,
wat betrokke is by die uitdagings van armoede, MIV/VIGS en misdaad.

NOTULE VAN DIE 92STE SINODEVERGADERING VAN DIE NG KERK IN KZN OP 9 OKTOBER 2007 VANAF 08:15 BY DIE SINODALE SENTRUM TE PIETERMARITZBURG

1. REGISTRASIE

Afgevaardigdes registreer per ring by aankoms.

2.VERWELKOMING

Die Moderator, ds LW Meyer, verwelkom die afgevaardigdes. 'n Spesiale woord van welkom aan die lede wat die eerste keer die sinodevergadering in KZN bywoon:

JH Hatting	-	Glencoe-Oos
BJ Tolmay	-	Krantzkloof
BJ Kruger	-	Cedarville-Matatiele
H Eagleton	-	Fynnland
RT Kramm	-	Vryheid-Suidoos
GH Louw	-	Dundee-Suid
DC Klynsmith	-	Vryheid
MJ Heaney	-	Margate
DSG Oosthuysen	-	Margate
RS de Koning	-	Meerensee

Die volgende leraars word in die vergadering verwelkom as waarnemers:

- MF Scholly – Melmoth (nog nie bevestig nie)
- LJ van Rooyen – Durban-Oos (pas bevestig, maar geloofsbrief nog nie aangepas nie).

3. KONSTITUERING

Die sinodevergadering konstitueer met 121 lede uit 'n moontlike 154 afgevaardigdes, soos aangedui in die verslag van die Regskommissie (Bylae 1).

4. LITURGIESE OPENING:

Dr André Strydom lees Eksodus 33:7-23 en lei die vergadering om aan die hand van riglyne van die Luisterseisoen oor die Skrifgedeelte te besin.

5. KONSULTASIEGESPREK: KERKHERENIGING

5.1 Die Achterbergh II Verklaring is vanaf die Algemene Sinode ontvang en vorm die basis van die konsultasiegesprek rondom die posisie van die KZN Sinode in terme van kerkhereniging.
5.2 Dr H Theunissen en ds F van der Merwe fasiliteer die konsultasiegesprek.
5.3 Die uitkomste van die gesprek sal deur die Moderamen verwerk word en aan die ASM deurgestuur word.

6. ONTWIKKELING: SENTRUM

Ds. B van Dyk (PSD Ondersteuningsdienste) lê die verslag van die SOK DB aan die vergadering voor. Die SOK DB lê die volgende drie scenarios aan die vergadering voor:

6.1 Agtergrond – Kennis geneem van punte 6.1.1 – 6.1.7.
6.2 Ondersoek – Kennis geneem van punte 6.2.1 – 6.2.20.

6.3 Aanbeveling: Die vergadering hanteer die volgende 3 scenario's soos voorgelê deur SOK DB:

6.3.1 **Scenario 1:** Handhaaf die status quo.
6.3.2 **Scenario 2:** Bou een vloer op plus 'n sinodesaal.
6.3.3 **Scenario 3:** Bou slegs 'n sinodesaal.

6.3.4 Aanbeveling: Die Sinodevergadering kies tussen scenario 1, 2 of 3.

Goedgekeur.

6.3.5 Aanbeveling (indien 2 of 3 gekies word): Die Sinodevergadering besluit om die bouprojek te befonds uit die Reserwefonds en dat rente van primakoers min 4% gehef word op die lening.

Nie goedgekeur nie.

6.3.6 Aanbeveling (indien 2 of 3 gekies word): Die Sinodevergadering gee aan die SOK volmag om 'n boukommissie aan te stel en om die bouprojek af te handel.

Nie goedgekeur nie.

6.4 Amendamente

Die Voorsitter stel amendamente op punte 6.3.5 en 6.3.6 van die sakelys.

Voorsteller: SOK vergadering gehou op 8 Oktober 2007.

6.4.1 Punt 6.3.1 vervang die huidige aanbevelings 6.3.5 en 6.3.6 met:

6.4.1.1 Die Sinodevergadering besluit om Scenario 1 te aanvaar, nl. dat die status quo gehandhaaf word.

Goedgekeur

6.4.1.2 Die Sinodevergadering besluit dat indien iemand anders 'n aanvaarbare ontwikkeling op húlle risiko wil doen, die SOK en Moderamen dit kan oorweeg mits dit tot voordeel van die Sinode sal wees.

Goedgekeur soos gewysig.

6.4.1.3 Die Sinodevergadering besluit dat die SOK en Moderamen volmag kry om aanvaarbare kleiner ontwikkelings te doen wat vir hulleself binne 'n maksimum van 5 jaar kan betaal.

Goedgekeur soos gewysig.

7. ART 44.1

7.1 Elke Sinode moet die nuwe Art 44.1 met 'n tweederde meerderheid goedkeur voordat dit van krag word.

7.2 Die volle Art 44 word hieronder aangehaal:

Artikel 44

44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.

Nuwe 44.1

44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.

(Die nuwe 44.1 word van krag nadat al die sinodes hierdie wysiging met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het).

44.2 Artikel 44.1 en 44.2 word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit.

44.3 Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2, die Kerkorde wysig of aanvul met 'n tweederdemeerderheidstem.

44.4 Sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van appèl voor die Algemene Sinode dien. In gevalle van leertug en leergeskille word 'n tweederdemeerderheidsbesluit vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis (vgl Artikel 65.2**)**.

44.5 Indien 'n tweederdemeerderheid nie verkry word nie, mag enige van die partye 'n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstrekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.

7.2.1 **Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die nuwe Art 44.1 goed, nl**

7.2.1.1 ***44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.***

Goedgekeur met 'n tweederdemeerderheid.

8. SINERGERINGSVERGADERING

8.1 Die lede van die verskillende sinodale kommissies en werkgroepe het op 8 Oktober 2007 vergader ter wille van sinergering en lewer oorsigtelik mondelings terugvoering.

8.1.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering behandel moontlike aanbevelings uit die sinergeringsvergadering.

Nie goedgekeur nie.

8.2 Die kommissies rapporteer soos volg:

8.2.1 Moderamen:
Ds. FJ van der Merwe lig die volgende fokusse uit vir die Moderamen:

- Die Moderamen is oortuig dat die interne stelsels van die sinodale werksaamhede deeglik ondersoek moet word sodat die Sinodevergadering van 2008 met advies bedien kan word.
- Groter klem moet op die visioeneringsfunksie van die Moderamen gelê word.

8.2.2 SBK:
Ds. GJ van Jaarsveld gee verslag:
Die lede was van mening dat die kommissie te groot en Jaarvergaderings te lomp raak in die proses. Daar is te veel werk vir een PSD om te behartig en reg te laat geskied aan die onderskeie bedieninge. Die oplossing sou wees om die werksaamhede van die kommissie in twee te verdeel.
Die kommissie besluit om nuut te dink en ontbondel die werksaamhede in drie bedieningsvelde nl Aanbidding, Gemeentebediening en Gemeenskapsbediening wat deur drie 'champions' gekoördineer word. Tydens 'n Jaarvergadering vergader die hele kommissie eers gesamentlik, waarna die drie bedieningsvelde verdeel met hulle 'champions' wat die leiding neem. Daarna kom die hele kommissie weer bymekaar. Die volgende 'champions' is aangewys deur die kommissie op grond van hulle beskikbaarheid, asook hulle afsonderlike gawes:

Aanbidding: Gawie van Jaarsveld
Gemeentebediening: Mauritius Pienaar
Gemeenskapsbediening: Mike Heaney

Sake wat gekommunikeer moet word vanuit die sinergievergadering:

1 Die kommissie kommunikeer die behoefte aan 'n halwe predikantspos om te help met die werksaamhede van die SBK (bv tyd word uitgekoop van 'n predikant in die sinodale gebied en so 'n persoon kom werk vir daardie tyd fisies in die sinodale kantoor).
2 Die kommisie kommunikeer die 'champion'-gedagte wat in hulle onderskeie bedieningsvelde die visioenering en oorsigtelike koördinering van daardie spesifieke bedieningswerksaamhede sal doen.
3 Die kommissie kommunikeer die feit dat hulle graag sou wou sien dat die voorsitters van die SOK en die SBK op die moderatuur moet dien.

8.2.3 SOK:
Ds. Louis van der Walt gee terugvoer:

- Die SOK se hoof bestaansdoel is om gemeentes tot diens te wees.
- Leemtes: Kry duidelikheid oor die rolle van die Dagbestuur en volle SOK.
- Fokusarea: Verbeter die volhoubare diens aan gemeentes deur middel van toerusting ten opsigte van finansiële sake.

AFSKEID: MODERATOR

Ds. PJ Raath neem die leiding in die afskeidseremonie van ds. Lukas Meyer. Mev. Suna Meyer het intussen ook by die vergadering aangesluit. Lukas en Suna ontvang elkeen 'n geskenk. Ds. Raath sluit met 'n dankgebed en die vergadering sing hulle die seën van die Here toe.

9. AFSLUITINGSLITURGIE

Dr André Strydom lees Eksodus 34 en die vergadering verdaag nadat die Onse Vader gesing is.